



Oostelike Sinode van die NG Kerk

LAAT U RYK, HEER,
IN ONS, DEUR ONS,
ORAL KOM!



1 Maart 2022

FAMILIENUUS 412

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Goeiedag vanuit ons Sinodehuis! Mag die seën van die Here oor elke gemeente, leraar, personeellid en lidmaat wees...

Ons is aan die vooraand van Lydenstyd. 'n Bekende tradisie in Lydenstyd is die gebruik om te vas. Aanvanklik was dit om op bepaalde tye nie te eet nie. Later het dit ontwikkel om 'n breër perspektief te hê oor "om jouself - as simbool van persoonlike toewyding - iets te ontsê..."

Nou wonder ek na aanleiding van die gebeure in Johannes 13 waar Jesus oor die simboliek van voete-was met sy volgelinge praat – en Hy dan hierdie kosbare woorde sê: "julle behoort ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. Gelukkig is julle as julle dit doen."

Vas as "om aan ander goed te doen...?" Wat sal gebeur as ek vir 40 dae elke dag 'n aantekening kan maak oor die gefokusde omgee wat ek vandag aan iemand anders bewys het? Ek weet nie wat die impak daarvan op ander sal wees nie. Wat ek wel weet, is dat Jesus belowe "gelukkig is julle as julle dit doen..."

Francois Retief

LERAARS

Ons bid steeds vir ons kollega van Piere van Ryneveld, **Anandie Greyling**, haar mense en die mediese span wat met haar kanker-behandeling besig is.

Met ons emeritus-kollega, **Louis Louw** en sy vrou, gaan dit heelwat beter na die groot operasie. Ons bid steeds vir die Louw-gesin volkome herstel toe.

Colin Smith van *kerksondermure* se pa is onlangs oorlede. Baie sterkte vir jou en julle familie, Colin.

Meyer van Wyk van Piet Retief het pa geword. Baie geluk met die geboorte van Benn op 21 Februarie.

Arline Meyer van Pierre van Ryneveld het ook 'n operasie gehad – ons bid vir spoedige herstel.

Marco la Grange van Koedoeskop is na Lux Mundi beroep.

ONS PREDIKANTEKONFERENSIE

Predikantekonferensie! 6 tot 10 Junie. Ons gaan **Skukuza** toe vir ons jaarlikse asemskep en toerusting oor 'n aktuele onderwerp.

Ons spreker is **Callie Roos**. Hy is besig met 'n inisiatief genaamd enChristos – en hy gebruik sy bekende metafore uit die veld om dit oor te dra.

Hierdie gaan 'n baie besondere geleentheid wees. Die blyplek wat Sanparke vir ons groep reserveer, is beperk. Kampplek en 2 bed-tente is reeds vol. Kontak dus dadelik vir Tersia by die Sinodehuis hieroor.

Aangeheg is die [skrywe met inligting](#) asook die [inskryfvorm](#).

SINODESITTING 2022

Die Sinodale Diensraad het besluit om **Sinodesitting** te hou op **Maandag 1 – Woensdag 3 Augustus** by die kerkkompleks van Pierre van Ryneveld.

Ons stuur spoedig die eerste skrywes hieroor na gemeentes.

Hoekom 'n Sinodesitting? Ons moet saam reflekteer oor waar die gemeentes van Oostelike Sinode nou is in terme van ons missionale roeping; ons moet leiers vir die Sinode aanwys; ons wil toegerus word om ons roeping weer te verstaan en met energie uit te leef; ons moet besin oor die kern van ons verhoudinge as Sinode...

ENGELSE KERKORDE

Ons kry soms die vraag of die NG Kerk se Kerkorde in Engels beskikbaar is. Dit was nooit nie – maar dit is nou. Ons heg dit [hier](#) aan. (*vir die meeste van ons is die Kerkorde al klaar moeilik om te verstaan – nou is dit nog moeiliker!*)

GEDRAGSKODE VIR LERAARS – SOSIALE MEDIA

Ons leef in die wêreld van die sosiale media. Die vraag is "hoe doen ons dit goed en netjies?" Die ASM het hierdie riglyne opgestel.

Riglyne vir gesprekvoering deur gelegitimeerdes op sosiale media.

- 1. Gelegitimeerdes se gesprekke op sosiale media behoort altyd kenmerkend te wees van 'n Christelike etos wat gedra word deur Bybelse waardes soos respek, liefde, waarheid, eenheid, luister en 'n besef van eie broosheid en feilbaarheid. As getuies van Jesus Christus behoort geen gesprek op sosiale media enige kommentaar te bevat wat:**
 - 1.1 ander se geloof of Christenskap bevraagteken op grond van verskillende interpretasies van sekere aspekte van die Christelike tradisie;**
 - 1.2 lasterlike opmerkings bevat waar dit 'n individu of geloofsgemeenskappe skade kan berokken nie;**
 - 1.3 enige vorm van haatspraak - ingesluit seksisme, rassisme en homofobie – bevat nie;**
 - 1.4 enige vorm van beledigende taalgebruik besig, wat ander mense se waardigheid of geloofwaardigheid as predikant in gedrang bring nie;**
 - 1.5 in 'n godsdienstig vermanende trant geskryf word, maar kwetsend, beledigend en vernederend is;**
 - 1.6 op valse getuienis berus, sonder dat die feite geverifieer is, kwaadwillig en verdagmakend van aard is, skeurmakery bevorder of kru taal bevat nie; of verwys na die legitimasie eed nie.**
 - 1.7**
- 2. Die ASM versoek die onderskeie sinodes om die riglyne vir gesprekvoering deur gelegitimeerdes op sosiale aan alle gelegitimeerdes in hulle sinodale gebied te versprei.**

IN PAS

Die Algemene Sinode se Taakspan Missionale Opleiding het 'n handleiding opgestel met die mooi titel In Pas. Die bedoeling is dat die gemeente in pas sal wees met God se plan in die wêreld.

Die handleiding is gratis beskikbaar by www.inpas.co.za.

BESTMED

Bestmed, die mediese fonds waarmee die vier Transvaal Sinodes 'n ooreenkoms het, het Alexander Forbes as gesondheidsorgkonsultante aangestel om die diens aan ons as lede te verbeter. Ons is opgewonde oor die addisionele voordele wat dit vir ons al lede kan inhou. Onder andere word daar nou gekyk na die moontlikheid om "Gap Cover" te voorsien teen baie goeie groepstariewe.

Let op: alles gaan voort soos tans. Jou opsie, jou premie, jou lidnommer – alles bly Bestmed. Dis net die persone wat jou gaan adviseer oor opsies, skuiwe tussen opsies en voordele wat verander.

Volledige kontakbesonderhede is in die skrywe.

Alexander Forbes se [skrywe](#) word hier aangeheg.

FINANSIËLE STATE 2021/22

Dis weer daardie tyd van die jaar waar kerkrade moet toesien dat die gemeente se finansiële state opgestel word.

Hierdie is 'n baie belangrike bestuursverantwoordelikheid van die kerkraad. Dis nie maar net 'n kantoorpersoneellid se verantwoordelikheid nie. Die resultate van die gemeentes se finansiële bedrywigheid vir die afgelope jaar, die finansiële posisie van die gemeente asook die begroting vir die volgende jaar is 'n kerkraadsverantwoordelikheid. Help asseblief die personeel om die kerkraad hiermee te help.

Die Sinode gebruik 'n baie spesifieke formaat vir die finansiële state. Daar is baie goeie redes hiervoor. Dit help die gemeentes om inligting maklik te kan gebruik. Die Sinode moet weer die state van gemeentes kompilleer vir verdere berekenings wat gemaak word. Verslae moet opgestel word. Die Ontvanger van Inkomste verlang inligting om die Openbare Weldaad-Organisasie – status (OWO) van die gemeente na te gaan.

Ons stuur die voorgeskrewe pro forma-staat einde van hierdie week uit. Moet asseblief geen ander formaat gebruik nie.

Dankie vir die kantoorpersoneel wat verseker dat alles netjies en ordelik verloop met die fondse wat aan 'n gemeente toevertrou word deur lidmate.

PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Nou is dit die laaste keer: Ons herhaal verlede keer se skrywe oor die Pensioenfonds: Hierdie is baie belangrike inligting!

Ons het [hierdie skrywe](#) reeds na alle kantore van werkgewers gestuur. Dit bevat die goeie nuus oor die besluit van Sanlam om die koste van ons versekerde voordele dieselfde as verlede jaar te hou.

Leraars en amptenare moet hierdie tyd van die jaar weer mooi kyk na die **bydraevlak** waarop die lid is en die bydrae van die werkgewer en werknemer. Maak ook asseblief seker oor die **maandelikse proses wat in julle kantoor gevolg word met die oorbetalings van die premies** op die Sanlam Retirement Fund Web. Die fondse moet op die 7e van die volgende maand in Sanlam se rekening wys. Onthou dat banke hulle eie reëlins het oor die tydperk voordat die fondse in 'n ander bank se rekening wys. Die maklikste: betaal die premies oor teen die einde van die maand waarin dit afgetrek word by lede.

Theo Smith gee ook weer 'n keer inligting oor **die heffing van R100** wat vanaf 1 Julie 2021 gehef word van elke deelnemende werkgewer van die Pensioenfonds. Let op: 'n gemeente is net één werkgewer ongeag die aantal leraars en amptenare op die Pensioenfonds – en betaal dus net R100 per maand. Dieselfde geld 'n CMR-kantoor en 'n ouetehuis en 'n aftreeoord.

Hierdie geld word gebruik om die kantoor van die Pensioenfonds te finansier. Betaal asseblief die bedrag maandeliks of eenmalig vir 'n jaar oor in die rekening soos op die skrywe aangedui. **Baie belangrik: moet nie die oorbetalings aan die Sinode doen nie.**

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. "**Kom ons lees die Bybel**" – 'n **Eietydse Gereformeerde hermeneutiek** word op **1 – 2 Maart** via Zoom aangebied.

Malan Nel is die redakteur van 'n eBoek "**Mission Moves: Cultivating communities of the Gospel**".

Dit kan gratis by hierdie skakel afgelaai kan word:

<https://books.aosis.co.za/index.php/ob/catalog/book/256>

Die **Algemene Sinode** het 'n **Taakspan wat aandag gee aan die geloofspad van ons kinders en jongmense**. 'n Baie belangrike konsep waarmee hulle werk, is dié van **roetemerkers**. Ons heg twee volledige dokumente aan wat hieroor inligting gee: die **eerste** oor die voorbereiding om met die roetemerkers te werk, en die **tweede** oor die voorbereiding van kinders vir Nagmaal.

Lux Mundi adverteer vir 'n **klank-deskundige**.

ONS WEBWERF EN SINODEHUIS-PERSONEEL

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan elkeen wat tot 14 Maart verjaar. Seënwense!



PREDIKANTE

5 Maart - Elza Meyer, Moreletapark
5 Maart - Wouter van Wyk, Tygerpoort
7 Maart - Sias Meyer, Dosent UP
9 Maart – Natasha Nel, Malelane

EMERITI

1 Maart - Anton Doyer, Ohrigstad 2008
2 Maart - Johan Froneman, ABID Transvaal 2011

3 Maart - Kobus Bezuidenhout, Dir Godsdiensorg Korrektiewe Dienste 1998
3 Maart - Steyn van Heerden, Nelspruit-Suid 2009
5 Maart - Petrus Etsebeth, Sekhukhuneland 2000
7 Maart - Johann Ernst, Doornkloof 2016
10 Maart – Barend van der Westhuizen 1998
12 Maart - Kobus Minnaar, NGKA Hlanganani 1988

GEMEENTES

2 Maart - Breyten (80)
9 Maart - Middelburg (155)
9 Maart - Barberton (133)
9 Maart - Ohrigstad (69)

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za



NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIK [HIER](#).

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieër of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is. Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful. Please immediately contact the sender if you have received this message in error.